Skiet jy altyd te kort?

Oorweldig? Gedurig Moeg & Hartseer?

DINK JY DAARAAN OM JOU LEWE TE NEEM?

Kyk NOU op die agterkant ⏭ ⏭

DINK JY DAARAAN OM JOU LEWE TE NEEM?

Voel jy kragteloos, uitgebrand, moeg daarvan om te probeer bybly, om jouself te moet bewys? **OF,** dalk vrees jy die oordeel van ander en voel gedurig geïntimideerd? **OF,** dalk mors jy net tyd – vasgegom vir ure aan jou foon, aanhoudend besig met 'gaming' of flieks kyk? **WAT DAARVAN AS… JY NIE LEEG EN OORWELDIG HOEF WAKKER TE WORD NIE? EN KAN OPSTAAN MET VREDE EN HOOP VIR DIE DAG?** Jesaja 59:1-2 sê: *Die arm van die HERE is nie te kort om te help nie en Sy oor is nie te doof om te hoor nie. 2 Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie.* Psalm 145:18 belowe: *Die HERE is naby aan almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep.* **AS JY VANDAG DESPERAAT IS** – roep die Here Jesus Christus aan. Vra Hom om jou te red en skoon te was van al jou sonde en ongeregtigheid. Efesiërs 1:7 belowe: *Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God.* Hy het belowe dat Sy Heilige Gees ons sal vul sodat ons vrede, vreugde en oorwinning in Sy naam kan hê. Vra Hom om jou met Sy Heilige Gees te vul. Vra vandag nog iemand wat jy weet 'n Christen is, om saam met jou te bid vir 'n deurbraak in jou omstandighede.